

Hoofstuk 7 Missionale spiritualiteit en sosiale transformasie

7.1 Doel van die hoofstuk

Die hipotese van hierdie studie is dat missionale spiritualiteit 'n gelowige nooi tot deelname aan 'n proses van geloofsvorming, geloofsgemeenskap en sosiale transformasie. Hierdie hoofstuk sal aandui dat dit kenmerkend is van missionale spiritualiteit dat God die inisiatief neem in die transformasie van die wêreld. Die hoofstuk sal deurlopend aandui watter invloed die aard en karakter van missionale spiritualiteit het op 'n gelowige se deelname aan sosiale transformasie. Die normatiewe taak van die studie kom dus in hierdie hoofstuk ter sprake, spesifiek ten opsigte van die kwessie van sosiale transformasie.

Die hoofstuk sal aandui dat die *missio Dei* gefokus is op sosiale transformasie. Daar bestaan 'n onlosmaaklike verband tussen die bedoeling van die koninkryk van God, met sy agenda van versoening, verlossing en herstel, en die transformasie van die wêreld. Jesus se missie staan dus ook in diens hiervan en gee definisie aan die aard en karakter van sosiale transformasie. Die roeping tot die navolging van Christus betrek gelowiges as deelnemers van sosiale transformasie, binne die konteks van hul tyd en plek. Daar is 'n wesenlike korrelasie tussen 'n gelowige se deelname aan sosiale transformasie en 'n proses van geloofsvorming in sy lewe. Dieselfde korrelasie bestaan tussen die bedoeling en identiteit van 'n geloofsgemeenskap en God se inisiatief van die herstel van die wêreld.

Gelowiges en geloofsgemeenskappe benodig die kapasiteit van geloofs-onderskeiding ten voortdurend hul rol te verstaan in God se inisiatief van sosiale transformasie.

7.2 God se gerigtheid op sosiale transformasie

7.2.1 Sosiale transformasie en die koninkryk van God

Daar is 'n belangrike verband tussen sosiale herstel of sosiale transformasie en die ideaal van God se koninkryk. Die gerigtheid van die koninkryk op versoening, verlossing en herstel word toegespits op alle manifestasies van gebrokenheid binne die wêreld waarbinne ons leef. Bosch (1991:150) herken hierdie solidariteit in Paulus se denke en bevestig dat die kerk nie primêr die fokus is van God se verlossingswerk nie.

7.2.2 *Dikaiosyne*

Daar bestaan 'n relevante konneksie tussen die koninkryk van God en die konsep *dikaiosyne*, 'n begrip wat kenmerkend is aan die evangelie van Matteus. Die vertaling van *dikaiosyne* in Afrikaans en selfs Engels is problematies, aangesien dit

'n verskeidenheid van betekenismoontlikhede kan hê. Dit kan verwys na “justification” (God se genadewerk waardeur ons as regverdig “just” verklaar word en dus aanvaarbaar is voor God), of na “righteousness” (’n geestelike konsep: ’n eienskap van God of ’n eienskap wat ons van God ontvang), of na “justice” (mense se gedrag in verhouding tot ander, waardeur hulle vir die ander dít probeer bewerk waarop die ander geregtig is).

Bosch (1991:71) wys daarop dat die alternatiewe gebruik van die verskeie betekenismoontlikhede ’n wesenlike impak het op die interpretasie van Jesus se boodskap, soos onder andere duidelik word wanneer dit toegepas word op ’n teks soos die Bergrede. Die vierde lering (Mat. 5:6) lui soos volg: “Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.” Die woordjie “reg” kan byvoorbeeld verwys na iemand wat honger en dors na (geestelike) “righteousness” en heiligheid, of na iemand wat begeer om te sien dat reg geskied teenoor die onderdrukte. Op dieselfde wyse kan dié wat “vervolg word omdat hulle doen wat reg is” (Mat. 5:10) verwys na diegene wat swaarkry vanweë hul geestelike toewyding (“righteousness”), óf omdat hulle die kant van die gemarginaliseerdes kies (“justice”). Die implikasies van ’n korrekte vertaling is ewe duidelik indien dit toegepas word op Matteus 6:33: “Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir sy *dikaiosyne*, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.” Indien *dikaiosyne* met “righteousness” vertaal word, beteken dit dat die geestelike meer belangrik is as die materiële, en dat ons bloot ons prioriteite moet regstel (deur die geestelike bo die aardse probleme te plaas) ten einde God se seën te ervaar. Indien *dikaiosyne* egter vertaal word met “justice”, is die implikasies dat Jesus van ons verwag om ons eie belange tweede te stel en prioriteit te gee aan die realisering van “justice” teenoor diegene wat die slagoffers is van ongunstige omstandighede in die samelewing. Dan is laasgenoemde wesenlik vir die realisering God se koninkryk en die ontvangs van sy seën, en dan word die wêreld die objek van ’n gelowige se deelname aan God se *dikaiosyne* (Bosch 1991:72).

Dit is ’n probleem met ons taal wat ons verhoed om die wye strekking van die betekenismoontlikhede van *dikaiosyne* in een woord te vvat. Bosch (1991:72) haal vir Crosby aan om aan te dui dat *dikaiosyne* in der waarheid twee dimensies bevat: ’n konstitutiewe en normatiewe dimensie. Die konstitutiewe dimensie vind ons in die volgende: “God justifying us, making us righteous and holy in his sight.” Die normatiewe dimensie lê daarin dat God gelowiges roep om dieselfde “justice” wat hulle in Hom ervaar het, weer aan ander te bewys. Wanneer Jesus in Matteus sy dissipels oproep tot *dikaiosyne* is dit die tweede dimensie wat ter sprake kom, maar op só wyse dat die eerste dimensie “constitutive” bly.

Dikaiosyne is dus “...faith in action, the practice of devotion or, as Matthew 6:1 suggests, an act of right conduct before your Father; it is doing the will of God” binne die konkrete werklikheid waarbinne ’n gelowige leef (Bosch 1991:72).

7.2.3 Jesus en sosiale transformasie

Die begronding van missionale spiritualiteit binne die fisiese realiteit is in ooreenstemming met Jesus se eie verstaan van sy roeping en missie. Jesus se keuse van woorde tydens sy eerste publieke optrede in die evangelie van Lukas is van wesenlike belang:

Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig. - Lukas 4:18

Hierdie woorde waarmee Jesus sy bediening beskryf is 'n aanhaling van Jesaja 58 en 61. Binne die konteks van Jesaja was hierdie 'n profesie aan ontnugterde Jode kort na die Babiloniese ballingskap. Die profesie het egter ook, as kritiek op die sosiale ongeregtighede in Juda, 'n kenmerkende sosiale konnotasie, wat reeds Jesus se intensie rondom die gebruik van die teks aandui. Bosch (1991:99) wys daarop dat "armes" dien as 'n versamelnaam wat omvattend is vir die ander vorme van ongelykheid, onderdrukking en siekte wat hier in Lukas en elders in die evangelie gebruik word. Jesus bevestig sy solidariteit met die hierdie groeperinge in die samelewing. Daarmee verbind hy Homself tot fundamentele sosiale veranderinge in die samelewing van sy tyd.

Vroeër in die studie is aangedui dat, binne die konteks van Jesus se leefwêreld, die bese verskeie vorme aangeneem het. Die bese is beleef as iets tasbaar. Daarom is dit nie vreemd dat Jesus godsdienstige taal gebruik wanneer hy gekonfronteer word met siekte, die besetting deur geeste en uitbuiting van armes – dus 'n konfrontasie met die bese - nie. Een van die begrippe wat gebruik word, en waarvan die betekenis moontlikhede gevolglik radikaal uitgebrei word, is die woord "redding". Aangesien die bese 'n verskeidenheid van manifestasies het, kry die begrip "redding" ook 'n verskeidenheid van moontlikhede en toepassings. "Verlossing/redding" (Grieks: *sozein*) word byvoorbeeld 18 keer deur die verskillende evangeliste gebruik binne die konteks van die genesing van siekes. Vir Lukas het verlossing dus verskeie dimensies: ekonomies, sosiaal, polities, fisies, sielkundig en geestelik (Bosch 1991:117). Sy evangelie wys daarop dat Jesus aandag gegee het aan die werklikhede binne die gemeenskappe waar hy bedien het – die situasie van die armes, die blindes, die gevangenes en die onderdruktes. Die evangelie kan volgens hom nie as *goeie nuus* beskou word indien gelowiges nie die werklik problematiese kwessies van die samelewing, sowel as dié van die randfigure in die samelewing, kan onderskei en aanspreek nie.

Daar is in Jesus se bediening geen spanning tussen die redding van sonde en sosiale transformasie nie, tussen die geestelike en die sosiale nie. 'n Verdere begrip wat 'n wyer toepassing kry binne hierdie beskouing is "vergifnis" (Grieks: *aphesis*). Dit

sluit 'n verskeidenheid van konsepte in: die bevryding van slawe, die kwytstelling van monetêre skuld, “eschatological liberation”, sowel as die vergifnis van sonde (Bosch 1991:105).

7.2.4 Die wêreld as die fokus van die *missio Dei*

Soos vroeër in die studie aangedui is, het die kerk se verstaan van die *missio Dei* verskeie fases van ontwikkeling deurgaang. Daar is mettertyd verstaan dat God se sending nie uitsluitlik op die kerk gemik is nie, maar dat dit veel wyer as die kerk strek om die hele wêreld in te sluit. Daarom kan die *missio Dei* beskryf word as 'n “beweging van God na die wêreld”, waarvan die kerk deel is. Missionale spiritualiteit veronderstel dat die wêreld die speelveld is van God se inisiatief en beweging. Roxburgh beskryf dit as volg: “Scripture roots us, physically and materially, in, for, with, alongside, and at times against the ordinary. The world the biblical texts propose is not about the selling or marketing of a product but the re-forming of a world in the midst of the ordinary” (2011:77).

Missionale spiritualiteit is nie algemeen of abstrak nie, maar is telkens nou verbonde met spesifieke tye, plekke en mense. Die lewe van Jesus demonstreer dat spiritualiteit ingebed word binne die begrensing van twee dimensies van die skepping, naamlik *tyd* en *plek*. “Never, impatient with the limitations of time, did Jesus slip through some time-warp and bypas the waiting. Never, chafing under the limitations of place, did Jesus replace the local with some generalized and ethereal spiritual ‘presence’” (Peterson 2005:107).

7.2.5 Die begrensing van tyd

Die skeppingsverhaal oriënteer ons met betrekking tot die geskenk van tyd. Alles wat God skep gebeur binne 'n bepaalde tyd en ritme. Tyd is bepalend tot ons lewens, tot 'n begrip van wie ons is en hoe ons leef, aangesien dit die medium is waarbinne ons bestaan. Daarom is tyd heilig (Peterson 2005:65); dis iets wat God in sy hand hou en waarmee Hy ons seën.

Missionale spiritualiteit sal tyddus eerbiedig as iets heilig. In teenstelling met 'n neiging om die *eindtyd* te verhef as die enigste tyd wat heilig is, verstaan missionaliteit dat *gewone tyd* die konteks bied waarbinne God voortdurend skep en beweeg. Dit is juis God se gerigtheid op die realisering van sy koninkryk in die eindtyd wat die *gewone tyd* vul met sin en betekenis. Missionale spiritualiteit soek nie net na 'n bewustheid van God binne tye van aanbidding en ander vorme van intieme konneksie met God nie, maar binne die gewone tye – die minute, ure en dae wat die konteks van ons lewens vorm en die medium bied waarbinne ons bewustelik leef. 'n Gelowige kan nie hierdie kondisies van die skepping ontwyk in sy poging om missionale spiritualiteit te omarm nie.

7.2.6 Die begrensing van plek

'n Belangrike implikasie van die kondisies wat missionale spiritualiteit veronderstel is die oortuiging dat God ons ontmoet waar ons is, nie waar ons graag wil wees nie. Sy teenwoordigheid infiltreer telkens die realiteit van die plekke waardeur ons lewens gedefinieer word. Die milieu van ons gewone lewens is die speelveld waarbinne God ons geloofsvorming bewerk en fasiliteer. "Until we understand this and embrace it, this *placing* of the action, this primacy of grounding in the personal and the ordinary, we will never be in a position to participate wholeheartedly in the main action of salvation" (Peterson 2005:151).

7.3 'n Uitnodiging tot deelname

Missionale spiritualiteit behels 'n erkenning van die gebroke werklikheid waarbinne gelowiges leef. Dit bied egter ook die bevestiging dat 'n gelowige reeds deel is van God se nuwe skepping (2 Kor. 5:17) en geroep word om aktief mee te werk aan die realisering daarvan. Op diselfde wyse as wat die Vader die Seun en die Gees na die wêreld gestuur het, word gelowiges ook gestuur om deel te neem aan God se "redemptive mission" (McNeal 2009:21). Bosch beskryf daarom die doel van die "Christian mission" as die transformasie van die werklikheid waarbinne gelowiges hul geloof leef (1991:xv). 'n Missionale gerigtheid gee aan geloof 'n dimensie van onvergenoegdheid. Dit weier om tevrede te wees met 'n gebroke werklikheid en is konsekwent daarop ingestel om daardie realiteit te transformeer, kongruent aan die gerigtheid van die *missio Dei*.

7.3.1 Die kontekstualisering van die *missio Dei*

Die uitdaging om aan te sluit by die *missio Dei* en op só wyse God se koninkryk konkreet te maak, is nie 'n eenvoudige een nie. Dit vra van dissipels van Jesus om, vanuit 'n ervaring van sy bemagtigende teenwoordigheid, die toekoms te antisipeer en 'n werklikheid te maak deur die transformasie van hul konteks. Dit is beide 'n inkarnasionele uitdaging, sowel as een van kontekstualisering. Beide word goed beskryf deur LaVerdiere en Thompson:

If we take the incarnation seriously, the Word has to become flesh in every new context. For this very reason the contemporary theologian's task is not really different from what the New Testament authors set out so boldly to do. What they did for their time, we have to do for ours. We too must listen to the past and speak to the present and the future (Bosch 1991:21).

Bosch (1991:58) beskryf hoe die gemeenskap aan wie Matteus skryf die uitdaging van kontekstualisering omarm het. Hierdie gemeenskap het Judea voor die aanvang van die oorlog verlaat en hulself waarskynlik in 'n oorwegend heidense area gevestig, moontlik Sirië. Tot op hierdie punt het hulle hul geloof beoefen binne die raamwerk van die Judaïsme en in isolasie van die uitbreiding van die Christelike

geloof onder heidene. Dit is te verstane dat die nuwe situasie waarbinne hul hulself bevind, groot uitdagings aan hierdie gemeenskap gestel het. Dit het hulle met baie vroeë gelaat oor hul eie identiteit en dié van hul godsdiens. Bosch (1991:59) wys daarop dat Matteus sy boodskap op só wyse oordra dat hy hierdie gemeenskap wil bemagtig om 'n missionale karakter te ontwikkel binne die uitdaging van hul nuwe konteks. Hy wil hulle inspireer om bewustelik hul identiteit te vind as die *ekklesia* – die kerk van Christus. Dit beteken onder meer dat hy hulle aanmoedig om geleenthede raak te sien vir getuie en diens teenoor ander. Op hierdie en ander maniere is hy besig om sy lesers voor te berei vir 'n missionale interaksie met hul leefwêreld.

Die navorsing van geskiedskrywers oor die vroeë kerk vorm 'n prentjie van die vroeë Christene se liefdevolle betrokkenheid by die armes, weduwees, weeskinders, siekes, mynwerkers, gevangenes en reisigers. Wat die eerste Christene gedoen het binne hul konteks word deur baie beskou as 'n sosiologiese onmoontlikheid, wat geval het buite die verwysingsraamwerk van die filosowe van daardie tyd. Die kerk was revolusionêr, nie omdat dit 'n protes van geweld was nie, maar vanweë die alternatiewe wat dit gebied het. Die alternatiewe kom neer op praktiese liefde en diensbaarheid, die uitleef van Jesus se boodskap en lering, binne die konteks van hul tyd.

Love is the most context-specific act in the entire spectrum of human behavior. There is no other single human act more dependent on and immersed in immediate context. Every act of love requires creative and personal giving, responding and serving appropriate to – context specific to – both the person doing the loving and the person being loved (Peterson 2005:327).

7.3.2 Die verband tussen geloofsvorming en sosiale transformasie

Daar is 'n wesenlike korrelasie tussen 'n gelowige se deelname aan sosiale transformasie en 'n proses van geloofsvorming in sy lewe. Hierdie verband word vervolgens ondersoek.

Bosch (1991:75) lei uit Matteus af dat dissipelskap relevant is tot medewerking in God se koninkryk. Navolging van Christus – missionale spiritualiteit – behels 'n solidariteit met Christus se missie, soos duidelik word uit Jesus se eie woorde in Matteus 10: “24 'n Leerling is nie hoër as sy leermeester en 'n slaaf nie hoër as sy eienaar nie. 25 'n Leerling moet tevrede wees as dit met hom gaan soos met sy leermeester, en 'n slaaf as dit met hom gaan soos met sy eienaar.” Rondom hierdie sentrale gedagte bou Matteus 'n hele aantal leringe uit wat almal met dieselfde oortuiging te doen het: wat vir Jesus geld, geld ook vir sy dissipels. Dissipelskap behels 'n verbintenis tot God se koninkryk: geregtigheid, liefde en gehoorsaamheid aan God se wil.

It is unthinkable to divorce the Christian life of love and justice from being a disciple. Discipleship involves a commitment to God's reign, to justice and love, and to obedience to the entire will of God. Mission is not narrowed down to an activity of making individuals new creatures, of providing them with 'blessed assurance' so that, come what may, they will be 'eternally saved'. Mission involves, from the beginning and as a matter of course, making new believers sensitive to the needs of others, opening their eyes and hearts to recognize injustice, suffering, oppression, and the plight of those who have fallen by the wayside (Bosch 1991:81).

Dit is ook vanuit Matteus se boodskap duidelik dat, om Jesus te volg, of om "by hom te wees", noodwendig ook 'n deelname aan sy missie behels. Die roeping van die dissipels is ook 'n roeping om gestuur te word. Dit behels nie bloot 'n intellektuele instemming tot Jesus se boodskap nie, maar dring die dissipels om sy getuies te word. Dit het, reeds in Jesus se leeftyd, behels dat Jesus aan sy dissipels die gesag gegee het om sy missie uit te voer en sy werk te doen, insluitend prediking, lering, evangelisasie, die uitdryf van geeste en die genesing van siekes. Die navolging van Jesus gebeur dus nie bloot ter wille van die navolging nie, maar ter wille van die deelname aan die realisering van God se koninkryk deur die transformasie van ons wêreld (Bosch 1991:81).

'n Deelname aan sosiale transformasie is die noodwendige gevolg van 'n proses van geloofsvorming waardeur 'n gelowige nader aan God groei.

7.3.3 Die verband tussen sosiale transformasie en geloofsgemeenskap

Daar is 'n soortgelyke verband tussen 'n verbondenheid aan geloofsgemeenskap en 'n deelname aan sosiale transformasie. Bosch (1991:16) wys daarop dat die omarming van Christus se missie vir die vroeë kerk veel meer was as 'n funksie – dit was die fundamentele uitdrukking van hul identiteit. Die geloofsgemeenskappe van die Nuwe Testament het hul bestaansdoel gevind in die missionale interaksie met die wêreld waarbinne hul geleef het, wat noodgedwonge daartoe gelei het dat hulle dit nodig gevind het om hul teologie te begin verwoord. Die vroeë kerk se teologie was onlosmaaklik verbonde aan die wyse waarop geloof tot uitdrukking gekom het in 'n lewenswyse van gehoorsaamheid aan God.

Paulus herken ook die verbondenheid tussen die kerk en sosiale transformasie. Die kerk is vir hom 'n teken van die *alreeds* en die *nog nie*. Dit is gelyktydig die plek waar gelowiges hul nuwe identiteit in Christus vier, maar hulself ook oopstel en voorberei vir die manifestasie van God se beloftes in die toekoms met betrekking tot die transformasie van die samelewing. Daarom word die kerk uitgedaag om nie die gerealiseerde eskatologie op haarself te rig nie, maar om dit toe te laat om die strukture van die samelewing te infiltrer. Die kerk mag nie toelaat dat sy 'n geïsoleerde gemeenskap word nie, maar behoort eerder die aanbreek van God se

koninkryk ook in die wêreld te herken, te bewerk en te vier (Bosch 1991:144). Die kerk is 'n gemeenskap bestaande uit “pockets of alternative lifestyle” wat só leef dat dit 'n impak maak op die samelewing. Hy moedig geloofsgemeenskappe aan om te leef as 'n “lig vir die wêreld” (Fil 2:15).

Latere geloofsgemeenskappe behoort nie te poog om bloot die strategie en model van die vroeë kerk na te boots nie, maar eerder om 'n kontekstuele uitdrukking daaraan te gee:

The Christian church is always in the process of *becoming*; the church of the present is both the product of the past and the seed of the future. For this reason, theology must not be pursued as an attempt to reconstruct the pristine past and its truths; rather, theology is a reflection on the church's own life and experience” (Bosch 1991:422).

Vanuit Matteus se perspektief vind gelowiges juis hul eie identiteit binne 'n geloofsgemeenskap wanneer hulle aan ander die realiteit van die nuwe lewe in God kommunikeer en hulself verbind tot die realisering daarvan.

7.3.4 Die aard van 'n gelowige se deelname

Die uitdaging om aan te sluit by die *missio Dei* en op só wyse God se koninkryk konkreet te maak, is nie 'n eenvoudige een nie. Gelowiges leef met die spanning van die “alreeds” en die “nog nie”. Ons weet dat ons pogings nie God se koninkryk ten volle gaan bring nie. Bosch (1991:35) herinner dat nie eens Jesus se aardse bediening dit gerealiseer het nie. Hy het God se koninkryk ingelui, maar dit nie tot volle uitvoering gebring nie. Daarom word kerk genooi om, soos Jesus, tekens op te rig van God se finale heerskappy. Wanneer ons aansluit by Jesus se gebed dat God se koninkryk sal kom, verbind ons onself daartoe om in die hede “approximations and anticipations” van God se koninkryk te vestig.

Die afleiding wat Peterson hieruit maak is belangrik vir ons verwagting rondom sosiale transformasie: “...to give up the notion that the Christian community, rightly and obediently lived, can somehow, if we just put our minds to it, be tarted up sufficiently to catch the admiring eye of the world” (2005:288). Sy argument is dat die storie van Israel, asook die storie van Jesus en die vroeë kerk, genoeg bewys lewer dat God se openbaring meer gereeld verwerp word as wat dit aanvaar word. Die geloofsgemeenskap is teengestaan of geïgnoreer deur elke prominente kultuur of samelewing waarbinne dat al ooit bestaan het: “...magnificent Egypt, fierce Assyria, beautiful Babylon, artistic Greece, political Rome, Enlightenment France, Nazi Germany, Renaissance Italy, Marxist Russia, Maoist China, and pursuit-of-happiness America” (2005:288). Die kerk het nog elke keer staande gebly te midde van hierdie realiteite, maar altyd as 'n minderheid, altyd marginaal tot die hoofstroom kultuur, en nooit statisties vreeslik indrukwekkend nie. Geld, status of mag is nie bepalend vir die invloed van die geloofsgemeenskap nie.

7.3.5 Die verband tussen sosiale transformasie en geloofsgewoontes

Die verband tussen die omarming van geloofsvorming en geloofsgemeenskap en die deelname aan sosiale transformasie is reeds aangedui. Die geloofsgewoontes wat 'n gelowige se deelname aan geloofsgroei en geloofsgemeenskap kenmerk, skep ook die ruimte waarbinne 'n gelowige kan onderskei hoe om deel te neem aan God se inisiatief ten opsigte van sosiale transformasie.

Geloofsgewoontes van stilte en refleksie groei in 'n gelowige 'n bewustheid van God, sy teenwoordigheid en sy beweging. Gewoontes van Bybel lees help 'n gelowige om voortdurend sy raamwerk van God se koninkryk uit te brei en daardeur God se roeping te ontdek. Gewoontes van geloofsgemeenskap skep 'n ruimte waar 'n gelowige saam met ander kan onderskei wat God se wil en bedoeling in sy lewe is. Op hierdie wyse staan geloofsgewoontes indirek in diens van sosiale transformasie. As 'n voorbeeld hiervan verwys Peterson na die Sabbat. Die motivering vir die onderhouding van die Sabbat hang eenvoudig saam met die soeke na geregtigheid: "...it prevents the stronger from exploiting the weaker, whether parents over children, employers over workers, even masters over horses and mules. Everyone is given a day to recover the simple dignity of being himself, herself, in the community without regard to use or function or status (2005:256)."

7.4 Samevatting

Missionale spiritualiteit dring daarop aan dat die wêreld die speelveld is van die *missio Dei*. Die begrip "verlossing" word in die Nuwe Testament toegepas op verskeie manifestasies van gebrokenheid: ekonomies, sosiaal, polities, fisies, sielkundig en geestelik. Op 'n soortgelyke wyse word die begrip "vergifnis" toegepas op die bevryding van slawe en die kwytstelling van skuld. Daar is in Jesus se bediening geen spanning tussen die tussen die geestelike en sosiale dimensies van sy boodskap nie. Jesus se verstaan van sy missie sluit die bediening aan armes in – 'n begrip wat as versamelnaam gedien het vir verskeie vorme van ongelykheid, ongeregtigheid, onderdrukking en siekte. Jesus bevestig sy solidariteit met mense wat hierdie konteks deel en verbind Homself, en daarmee die koninkryk van God, tot fundamentele sosiale veranderinge in die samelewing van sy tyd.

Missionale spiritualiteit word begrond in die navolging van Christus. Dissipelskap is dus gerig op die realisering van die koninkryk van God, wat op sy beurt gerig is op die transformasie van die werklikheid waarbinne gelowiges hul geloof leef. Die transformasie word bewerk deur dae van praktiese liefde en diensbaarheid, wat die gevolg is van die onderskeiding van God se wil deur 'n gelowige en die gehoorsame handeling wat daardeur geïmpliseer word. Dit is hierdie gerigtheid wat gelowiges in staat stel om betekenis in hul lewens te vind.

Beide die deelname aan geloofsvorming en geloofsgemeenskap gebeur dus nie as 'n doel op sigself nie. Deelname aan sosiale transformasie is die noodwendige gevolg van 'n proses van geloofsvorming waardeur 'n gelowige nader aan God groei. 'n Geloofsgemeenskap se doel lê opgesluit in die missionale interaksie met sy sosiale konteks, in lyn met die agenda van God se koninkryk.

Die geloofsgewoontes wat 'n gelowige bemagtig tot groei en deelname aan geloofsgemeenskap, skep ook die basis vir die onderskeiding van God se wil ten opsigte van sy deelname aan sosiale transformasie.

Hoofstuk 8 Gevolgtrekkings van die studie

8.1 Inleidend

Die navorsingsvraag waarmee hierdie studie besig was, kom 'n laaste keer ter sprake:

Wat is die aard en karakter van missionale spiritualiteit? Hoe lyk 'n spiritualiteit wat vertrek vanuit die missio Dei as die teologiese epistemologiese basis?

Die hipotese van die studie was dat missionale spiritualiteit deelname aan die *missio Dei* behels op drie terreine:

- 'n Proses van persoonlike geloofsvorming
- Geloofsgemeenskap
- Sosiale transformasie

Hierdie hoofstuk wil aandag gee aan die pragmatiese taak van die studie en daarom die vraag vra: **Hoe kan ons reageer?**

Die studie het die breë lyne van missionale spiritualiteit uiteengesit en die implikasies ondersoek vir 'n spiritualiteit wat die *missio Dei* as vertrekpunt neem. Daar is aangedui dat 'n missionale spiritualiteit begrond word in en bely word deur die beweging van die Drie-eenheid. Die Triniteit is beskryf as die inisiatief agter die skepping van die mens en die wêreld. Die Vader is die inisieerder van alle lewe. Die Seun neem die inisiatief in die verlossing van die mens. Die Gees vorm mense binne 'n gemeenskap. Hierdie beweging van die Drie-eenheid verklaar die werklikheid waarbinne die mens leef en sterf, werk en rus.

Aangesien missionale spiritualiteit gefokus is op die beweging en gerigtheid van die Triniteit, word die aard en karakter daarvan ook begrens deur wie God is en wat Hy doen. God roep die mens tot 'n verhouding met Hom. Hy versamel gelowiges as sy kerk. Hy vorm en bemagtig hulle om te groei in liefde en toenemend sy beeld te reflekteer. Dan stuur God die mens om sy koninkryk te realiseer op die plekke en tye wat hul lewens definieer. Deurlopend nooi God die mens om deel te neem aan die inisiatief van sy beweging. Daar is gevind dat 'n missionale spiritualiteit by uitstek 'n spiritualiteit van deelname is, en die hipotese is bevestig dat hierdie deelname gefokus word op die proses van geloofsvorming, die verbondenheid aan geloofsgemeenskap en die transformasie van die werklikheid waarvan die gelowige deel is.

Die pragmatiese vraag van die studie benodig egter aandag: **Hoe kan ons reageer?** Ek is van mening dat hierdie vraag nie genoegsaam beantwoord word slegs deur die bevestiging van die hipotese nie. Ons kan reageer deur deel te neem aan ons eie geloofsvorming, deur onself te gee in verhoudings binne 'n geloofsgemeenskap,

asook deur agente te word van sosiale verandering. Ek sal gevolgtrekkings maak oor die implikasies van missionaliteit op ons deelname binne elkeen van hierdie sferes. Maar die aard en karakter van missionale spiritualiteit vra na my mening ook vir 'n refleksie op die aard van ons respons, dus ons deelname. Die studie wys dat spiritualiteit vandag en deur die eeue heen blootgestel is aan 'n subjektiewe interpretasie daarvan. Alhoewel hierdie tendens die doel dien van 'n soeke na 'n konneksie met God, ondermyn dit maklik die aard en karakter van missionale spiritualiteit. Dit is wesenlik vir missionale spiritualiteit dat daar 'n kongruensie sal wees tussen die doel en die middele; tussen wat gelowiges glo en bely en die wyse waarop dit beliggaam word. Wat volg is 'n refleksie op die doel van missionale spiritualiteit, sowel as die middele wat kan dien as 'n gepaste respons. Ek wil poog om die aard van ons deelname te kwalifiseer deur riglyne, bakens of parameters te gee vir spiritualiteit. Hierdie bakens wil as't ware die pragmatiese vraag aanvul en vra: **Hoe kan ons verseker dat ons op 'n gepaste wyse reageer?**

8.2 Gevolgtrekkings van die studie

8.2.1 Die inisiatief behoort aan God

Hierdie diep oortuiging binne missionale spiritualiteit het die vermoë om menige gelowige se geloofsraamwerk ingrypend te verander. Dit het 'n bevrydende en bemagtigende effek op die geestelike lewe wanneer die implikasies hiervan deeglik verstaan en beliggaam word. Ek dink Peterson (2005:231) beskryf dit treffend: "It happens, we do not make it happen. The more we get involved in what God is doing, the less we find ourselves running things; the more we participate in God's work as revealed in Jesus, the more is done to us and the more is done through us."

Die studie toon aan dat hierdie konsep 'n sleutel is waarmee die misterie van missionale spiritualiteit telkens op 'n nuwe wyse ontsluit word. Gelowiges en gemeentes behoort hierdie waarheid op 'n gereelde basis te besoek en hulself af te vra: "Waarmee is God besig? Waar is Hy besig om die inisiatief te neem?" Hierdie vraag maak elke keer die deur oop vir 'n groter bewustheid van God se beweging. Indien gelowiges en geloofsgemeenskappe kan leer om hul energie te bely met dié van God se inisiatief, verhoog dit telkens die potensiaal vir missionale aksie binne elke nuwe en veranderende konteks waarbinne gelowiges hulself mag bevind.

Die hoop van missionale spiritualiteit lê opgesluit binne die geloofsoortuiging dat God nie net eenmaal inisiatief geneem het nie, maar dit telkens doen en weer sal doen.

8.2.2 Die implikasies van missionale teologie

Dat dit die beweging van die drie-enige God is, is bepalend vir 'n grondige verstaan van missionale spiritualiteit. Die Triniteit bied 'n raamwerk waarbinne 'n gelowige sin kan maak van die wêreld. Dit verklaar die werklikheid vanuit die realiteit van God se teenwoordigheid. Missionale spiritualiteit bied 'n holistiese raamwerk aan waarbinne

'n gelowige teologie en spiritualiteit kan plaas binne hierdie werklikheid, as 'n lewe in respons op God. Hierdie raamwerk dien verder as 'n bril waardeur die wanopvattinge en non-missionale tendense binne spiritualiteit in perspektief geplaas kan word en herbelyng kan word met God se bedoeling.

Ek is van mening dat missionale teologie onmisbaar is vir 'n gemeente om haar identiteit en roeping ten volle te kan verstaan. Die oortuiging dat God in sy wese missionêr is en dat die kerk se roeping daarin lê dat sy deelneem aan die *missio Dei*, is bepalend. Hierdie studie het missionale spiritualiteit omskryf as 'n teologiese spiritualiteit. Dit is na my mening van wesenlike belang dat gelowiges en geloofsgemeenskappe hulself daaraan verbind om deurlopend te groei in hul kennis van trinitariese (missionale) teologie, asook om die implikasies daarvan te onderskei en te beliggaam. Missionale teologie het nie slegs implikasies vir die wyse waarop gelowiges spiritualiteit omarm nie. Dit het ook implikasies vir die ekklesiologie – vir die wyse waarop gemeentes hulself struktureer en bestuur; vir die wyse waarop strategiese besinning gebeur; vir hul model van leierskap; ens. Die aard en karakter van missionale spiritualiteit behoort op 'n baie intensionele wyse deur te filter na elke dimensie van 'n gelowige en 'n gemeente se bestaan.

8.2.3 Geloofsonderskeiding

Die vertrekpunt van die *missio Dei* is dat die drie-enige God aktief besig is om sy koninkryk te realiseer in die wêreld. Die vraag na 'n gepaste respons op God se beweging voorveronderstel dat gelowiges en geloofsgemeenskap hierdie beweging kan herken. 'n Bewustheid van en 'n sensitiwiteit vir God se teenwoordigheid en inisiatief is na my mening kapasiteite wat dikwels by gelowiges ontbreek. Redes hiervoor kom in die studie na vore: wanpersepsies binne spiritualiteit; die afwesigheid van 'n missionale geloofsraamwerk; 'n tydsges en kultuur wat nie ruimte skep vir stilte en refleksie nie; die afwesigheid van geloofsgewoontes; ens. Deelname aan die *missio Dei* vra egter vir die vermoë om God se beweging te kan herken en te kan onderskei hoe 'n gepaste respons daarop sou lyk.

Geloofsonderskeiding is dus van wesenlike belang vir die deelname aan God se beweging. Geloofsgemeenskappe wat bewustelik die kapasiteit bou vir onderskeiding verhoog die potensiaal vir deelname aan die *missio Dei* en die realisering van roeping in die lewens van gelowiges. Dit is daarom belangrik vir 'n gemeente om te reflekteer op die vraag: *Hoe ontwikkel gelowiges hul kapasiteit vir geloofsonderskeiding?* Dit vra vir 'n holistiese benadering waarbinne die gewoontes van geloofsvorming belangrike vaardighede skep vir bewustheid en onderskeiding. Op dieselfde wyse skep gewoontes van geloofsgemeenskap 'n ruimte waarbinne gelowiges saam met ander God se wil kan soek en kan onderskei. 'n Deelname en blootstelling aan missionale transformasie stel op sy beurt weer gelowiges bloot aan God se beweging en help hulle om te bewus te raak van dít waarmee God besig is.

Dit sal waarde hê vir 'n geloofsgemeenskap om hierdie organiese proses met meer intensie te bely.

Ek wil terug verwys na die waarde van Trinitariese teologie. Hierdie raamwerk gee ook rigting aan die proses van geloofsonderskeiding, aangesien die rol van elkeen van die drie persone helderder omskryf kan word. Dit stel 'n gelowige in staat om, vanuit 'n begrip van elkeen se fokus, die beweging van Vader, Seun en Gees te herken.

Afgesien daarvan om gelowiges se kapasiteit vir geloofsonderskeiding te groei, is dit ewe belangrik vir 'n geloofsgemeenskap om te leer hoe kollektiewe onderskeiding werk: *Hoe onderskei 'n geloofsgemeenskap saam met mekaar God se wil?* Hierdie vaardigheid is nie een wat natuurlik kom nie – dít het die reis van Stellenbosch Gemeente die laaste paar jaar uitgelig. Maar weereens is dit van onskatbare waarde om die kapasiteit te bou vir kollektiewe onderskeiding. In hierdie opsig was die werk van Otto Scharmer (2009) vir ons van groot waarde, aangesien hy 'n teorie ontwikkel het (*Theory U*) wat die tegnologie van onderskeiding omskryf. Sy beskrywing van 'n leersiklus genaamd “presencing” is 'n uitstekende fenomenologiese beskrywing van die nuut ontluikende vaardigheid van geloofsonderskeiding (Venter & Hendriks 2011:236).

Geloofsonderskeiding lê die basis vir 'n organiese proses van deelname aan die *missio Dei*. Dit help gelowiges om te verstaan dat hulle, in terme van spiritualiteit, nooit gaan arriveer nie. Dit is ook nie moontlik om die uitkoms van die deelname aan missionale spiritualiteit te manipuleer, strategies te projekteer of te beheer nie. Binne 'n veranderende wêreld is God deurlopend besig om te werk vir die realisering van sy koninkryk. Die roeping van gelowiges en geloofsgemeenskappe is om deurlopend te onderskei wat 'n gepaste respons hierop sal wees.

Die kapasiteit vir geloofsonderskeiding is 'n onmisbare komponent van die wese en roeping van die kerk. Dit vra van gelowiges en geloofsgemeenskappe 'n verbintenis aan 'n lewenslange proses van deelname.

8.2.4 'n Spiritualiteit van deelname

Die studie het uitgelig dat missionale spiritualiteit 'n spiritualiteit van deelname is. Peterson beskryf dit goed wanneer hy beide God se aktiewe teenwoordigheid in die wêreld, sowel as gelowiges se deelname, as volg verwoord:

God is never a non-participant in what He does...He is already active, enormously and incessantly active, creating and saving, healing and blessing, forgiving and judging...He was active in this way as Father, Son, and Holy Spirit long before we showed up on the scene, and He has clearly made it known that He wants us in on what He is doing. He invites our participation (Peterson 1991:305).

Om na God se beeld geskep te wees impliseer “to be summoned to participate in God’s overflowing perichoretic love - both within the Trinity and in the *missio Dei* with respect to the cosmos God has created. To be an Eikon means to be *in relationship* (McKnight 2007:21). Ons deelname word deurlopend in die Bybel beskryf deur die taal van vennootskap en verbondenheid met God. ’n Gelowige moet leer verstaan wat sý aandeel in hierdie vennootskap behoort te wees. Binne ’n Christendom-paradigma is hierdie deelname dikwels gekeer vir die deelname aan gestruktureerde kerklike bedieninge. Die deelname wat binne missionale spiritualiteit ter sprake kom, is egter deelname aan die lewe as ’n respons op God. Hierdie studie dui aan dat geloofsgewoontes die kapasiteit bied vir hierdie soort deelname.

Ek is van mening dat die krag van **geloofsgewoontes** herontdek moet word binne die hedendaagse paradigma van geloofsgroei, asook binne die kultuur van ons tyd. Beide ons antieke godsdienstige tradisies, sowel as hedendaagse teorieë van menslike ontwikkeling stem saam dat gewoontes die boustene is van ’n mens se lewenswyse (McLaren 2011:25). Elke mens leef met gewoontes en ritmes, wat ’n bepalende invloed het op daardie persoon se lewe – sy selfbegrip, wêreldbeskouing en uiteindelik sy identiteit. Indien die kerk mense kan help om te ontdek dat geloofsgewoontes die skakel is met ’n lewe in respons tot God, skep dit energie en bou dit kapasiteit vir die omarming van missionale spiritualiteit.

Geloofsgewoontes lê ’n basis vir ’n groter bewustheid van God se teenwoordigheid en beweging. Dit help ’n gelowige om insig te kry in die trajek van sy eie spiritualiteit, asook om te onderskei watter aksie nodig is om dit met die *missio Dei* te belyn. Binne die tradisie van klassieke geloofsgewoontes is daar kategorieë wat ’n stewige basis lê hiervoor, bv. gewoontes van stilte, refleksie en rus (soos Sabbat); gewoontes van Bybel lees (soos Lectio Divina); gewoontes van geloofsgemeenskap (soos gemeenskaplike aanbidding en gasvryheid). Sonder die basis wat hierdie gewoontes lê vir bewustheid en onderskeiding word die deelname aan die *missio Dei* dikwels ’n stryd. Ek is van mening dat geloofsgemeenskappe ’n veel groter impak sal maak indien dit gelowiges kan bemoedig en bemagtig om hierdie basis te lê.

Die impak van geloofsgewoontes kan eksponensieel verhoog word indien gelowiges besef dat missionale spiritualiteit die ruimte skep vir lewensgewoontes om getransformeer te word tot geloofsgewoontes. Die rede hiervoor is dat missionale spiritualiteit holisties kyk na die lewe en elke dimensie van ’n gelowige betrek by die realiteit van God se teenwoordigheid. Aangesien ’n gelowige se hele lewe die speelveld word van God se beweging, kan ’n gelowige ’n nuwe betekenis koppel aan bestaande lewensgewoontes, waardeur ’n groter bewustheid van God binne die lewe gekweek word. ’n Voorbeeld hiervan is etes, wat vanuit ’n nuwe waardering vir die geloofsgewoonte van gasvryheid, telkens getransformeer kan word tot ’n ruimte vir ontmoeting met God.

Geloofsgemeenskappe behoort deurlopend te onderskei hoe geloofsgewoontes 'n platform kan skep vir 'n persoonlike, maar ook gemeenskaplike, eietydse en kontekstuele respons op die *missio Dei*.

8.2.5 Die boustene van deelname aan die *missio Dei*

Die hipotese van hierdie studie beskou die deelname aan geloofsvorming, geloofsgemeenskap en sosiale transformasie as die boustene van 'n missionale respons. Die aard en karakter van missionale spiritualiteit regverdig na my mening 'n refleksie oor die verband tussen hierdie drie dimensies van deelname, asook elkeen se eiesoortigheid.

Hierdie studie het die transformasie in missionale denke deur die eeue, en spesifiek die laaste eeu, beskryf. Binne die modernisme was die paradigma van missionaliteit dié van die gestruktureerde sending van die kerk. "Mission" was iets wat deur die kerk geïnisieer is en uitgevoer is. Binne missionale teologie is hierdie paradigma reggestel en word "mission" beskou as God se inisiatief, waaraan gelowiges en geloofsgemeenskappe genooi word om deel te neem. Hierdie deelname gebeur binne die areas wat hierbo genoem is.

Ek is egter van mening dat daar binne missionale spiritualiteit steeds 'n tendens bestaan (of minstens die neiging daartoe) om die deelname aan sosiale transformasie te verhef tot die mees gepaste missionale respons op die *missio Dei*. Hiervolgens word die deelname aan geloofsvorming beskou as iets persoonlik of privaat, die deelname aan geloofsgemeenskap as iets kerklik, terwyl die deelname aan sosiale transformasie beskou word as iets missionaal. Ek dink dit is van wesenlike belang dat die onderlinge wederkerigheid tussen hierdie drie areas van deelname behou word, asook hul verband tot die *missio Dei*.

Die eerste regstelling wat moet gebeur is om die deelname aan geloofsvorming en geloofsgemeenskap te bevestig as 'n missionale respons. Beide is 'n gepaste respons op die *missio Dei*. Beide het te doen met die realisering van die ideaal van God se koninkryk. Indien missionale deelname beperk word tot dié van sosiale transformasie, word missionale spiritualiteit verskraal. God se koninkryk is nie net gefokus op sosiale transformasie nie. God neem ook die inisiatief om 'n gelowige se geloofsvorming te bewerk, asook om hom te beweeg tot geloofsgemeenskap. Wanneer 'n gelowige onbewus is van hierdie bewegings en daarom nie daaraan deelneem nie, ondermyn dit die realisering van God se bedoeling. Anders gestel: indien 'n gelowige daarop ingestel is om die tekens te herken van die bewegings van die Gees in die vorming van sy geloof en sy deelname aan wederkerige liefdesverhoudings, verhoog dit die potensiaal vir die omarming van missionale spiritualiteit.

'n Tweede regstelling sou wees om die onderlinge wederkerigheid van hierdie drie dimensies te bevestig. Hierdie areas van deelname het dieselfde karakter as dié van

perichoresis – hulle is interafhanklik van mekaar (McLaren 2006:147). Elkeen van die drie is gelykertyd 'n doel op sigself, sowel as 'n middel tot 'n doel. Persoonlike geloofsgroei kan die inisiatief wees wat 'n gelowige beweeg tot geloofsgemeenskap, sowel as 'n ontdekking van roeping. 'n Deelname aan geloofsgemeenskap kan die inisiatief wees wat 'n gelowige help om geestelik te groei, maar hom ook bemagtig om saam met ander God se wil vir hom te onderskei ten opsigte van sosiale transformasie. 'n Deelname aan sosiale transformasie kan die inisiatief wees wat geloofsgroei in 'n gelowige bewerk, asook die aksie wees waardeur gemeenskap tussen mense gebeur en groei.

'n Derde belyning sou wees om telkens die implikasies van missionale teologie te verreken vir elk van hierdie drie areas van deelname. 'n Voorbeeld van die vroeë en perspektiewe wat dit na vore bring kan soos volg lyk:

- **Geloofsvorming:** Wat is die implikasies van die *missio Dei* vir 'n gelowige se verhaal van persoonlike roeping? Wat is God herhaaldelik besig om vir my te sê? Watter geloofsgewoontes skep in my lewe die potensiaal om God se beweging en teenwoordigheid te herken?
- **Geloofsgemeenskap:** Hoe lyk die geskenk van gemeenskap in 'n gelowige se lewe? Hoe sou dit lyk indien 'n gelowige se perspektief op gemeenskap nie beperk word tot intieme en persoonlike verhoudings nie (wat meestal tot uitdrukking kom binne geloofsgemeenskap), maar ook verreken word vir sosiale en publieke gemeenskap (wat ook die speelveld is van God se beweging)? Hoe kan geloofsgemeenskappe verhinder dat hulle geïsoleerde gemeenskappe word?
- **Sosiale transformasie:** Oor watter grense wil God my beweeg ten einde my geloofsraamwerk te skuif? Binne watter sosiale sferes herken ek nog nie God se teenwoordigheid nie? Is geloofsvorming en geloofsgemeenskap 'n middel tot 'n groter doel in my lewe, of het dit die einddoel geraak van my spiritualiteit?

8.2.6 'n Storie wat iets beteken

God se inisiatief ten opsigte van die skepping van die mens, sy verlossingswerk in Christus en die vestiging van gemeenskap onder die mens is ingebed in 'n storie. Die konneksie met storie maak missionale spiritualiteit toeganklik, want elke mens skryf 'n lewensstorie deur die keuses wat hul maak en aksies wat dit tot gevolg het. Deur die eeue heen is die storie van die mensdom al dikwels beskryf as die verhaal van die soeke na betekenis. Daar is klaarblyklik by die mens 'n inherente behoefte daaraan dat sy storie betekenis moet hê. Die verskillende paradigmas in die geskiedenis, tesame met die geloofsraamwerke wat dit tot gevolg gehad het, sou op verskillende maniere mense se hoop vir betekenis aanvuur of blus.

Ek is van mening dat missionale spiritualiteit die deur oopmaak vir 'n lewe wat iets beteken. Dit neem die werklikheid van God se teenwoordigheid as vertrekpunt. Dit

vertel die storie van God se inisiatief ten opsigte van 'n verhouding met die mens. Dit nooi jou binne as deelnemer om die storie van jou lewe te skryf (of herskryf) in die lig van God se storie. Dit anker jou binne 'n verhouding met God en vorm jou om *imago Dei* te wees. Dit bind jou aan medereisigers en 'n plek van behoort. Dit roep jou om te leef vir iets groter as jyself.

Geloofsgemeenskappe wat, binne 'n gesindheid van broosheid en nederige afhanklikheid van God, die ruimte skep waarbinne mense die storie van hul lewens kan verwoord, dit kan spieël teen die storie van God se liefde, en reisgenote kan ontdek saam met wie hulle 'n nuwe storie skryf, is besig om die inisiatief en beweging van die *missio Dei* te omarm. Geloofsgemeenskappe wat stories van betekenis vier en vertel, is besig om ander te inspireer om dieselfde te doen.

Bibliografie:

- Bosch, D J 1991. *Transforming Missions: Paradigm Shifts in the Theology of Mission*. Maryknoll, New York: Orbis Books.
- Bosch, D J 1979. *A Spirituality of the Road*. England: Wipf and Stock Publishers.
- Friedman, T 2005. *The World is Flat: The Globalized World in the Twenty-First Century*. London, England: Penguin Books.
- Frost, M 2006. *Exiles: Living Missionally in a Post-Christian World*. Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers, Inc.
- Guder, D L 2000. *The Continuing Conversion of the Church*. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Guder, D L ed. 1998. *Missional Church: A Vision for the Sending of the Church in North America*. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Groff, K I 1993. *Active Spirituality: A Guide for Seekers and Ministers*. New York: The Alban Institute.
- Keifert, P 2009. *Testing the Spirits: How Theology informs the Study of Congregations*. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Keifert, P 2006. *We are Here Now: A New Missional Era*. Eagle, Idaho: Allelon Publishing.
- Hendriks H J 2004. *Studying congregations in Africa*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Hirsch, A 2006. *The Forgotten Ways: Reactivating the Missional Church*. Grand Rapids, Michigan: Brazos Press.
- McKnight, S 2007. *A Community Called Atonement*. Nashville: Abingdon Press.
- McLaren, B D 2011. *Naked Spirituality: A Life with God in Twelve Simple Words*. London: Hodder & Stoughton.
- McLaren, B D 2007. *Everything must Change: Jesus, Global Crisis and a Revolution of Hope*. Nashville: Thomas Nelson.
- McLaren, B D 2006. *The Secret Message of Jesus: Uncovering the Truth that Could Change Everything*. Nashville: Thomas Nelson.
- McNeal, R 2009. *Missional Renaissance: Changing the scorecard for the church*. San Francisco: Josey-Bass.

- Osmer, Richard R. 2008. *Practical Theology: An Introduction*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Peterson, E H 2007. *The Jesus Way: A Conversation in following Jesus*. Great Britain: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Peterson, E H 2005. *Christ plays in ten thousand places: A conversation in spiritual theology*. London: Hodder & Stoughton.
- Peterson, E H 2007. *Working the Angles: The Shape of Pastoral Integrity*. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Roxburgh, Alan J 2011. *Missional: Joining God in the Neighbourhood*. Grand Rapids, Michigan: Baker Books.
- Scharmer, C Otto. 2009. *Theory U: Leading from the future as it emerges: The social technology of presencing*. San Francisco: Berret-Koehler.
- Sweet, L 2009. *So Beautiful: Divine Design for Life and Church*. Colorado Springs: David C. Cook.
- Venter, L & Hendriks HJ. 2011. *Geloofsonderskeiding – moontlikhede van 'n interdissiplinêre reis*. NGTT 53:1&2, 232-247.
- Volf, M 1998. *After Our Likeness: The Church as the Image of the Trinity*. London: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Wright, N T 2007. *Surprised by Hope*. London: Ashford Colour Press.